

Riglyne aangaande die US se Verlengde Graadprogramme (VGP)

1. Inleiding

1.1 Agtergrond

Die VGPs is deel van 'n breër Universiteitstrategie wat uitdrukking gee aan die US pogings om toegang te verbreed sowel as om ontwikkeling en sukses van onderwysbenadeelde studente te bevorder. Die totstandkoming van IWWOUS (en spesifiek die Scimathus-projek) sowel as die Eerstejaarsakademie is voorbeelde van ander aksies wat deel uitmaak van die US se strategie om toegang te verbreed en ontwikkeling en sukses van onderwysbenadeelde studente te fasiliteer. Die VGP behoort dus nie gesien te word as 'n losstaande aksie nie maar eerder as deel van breër poging wat die US se missie, visie en waardes beliggaam.

Die instelling van Verlengde Graadprogramme (VGP)¹ is 'n reaksie op twee spesifieke behoeftes wat plaaslik sowel as globaal² toenemend ervaar word, naamlik 1) die daarstel van alternatiewe toegangsroetes met die oog op die verbreding van toegang en 2) die bevordering van sukses, veral onder studente met onvoldoende skoolvoorbereiding of nie-tradisionele voorbereiding. Hierdie soort programme is reeds vroeg in die 1990s ingestel by die US en is oor die jare aangepas om tred te hou met 'n veranderende konteks en om die US se groeiende kennis en ervaring van die behoeftes van studente te reflekteer.

Tans word die VGPs gehuisves in departemente in Fakulteite terwyl die Sentrum vir Onderrig en Leer 'n koördinerende funksie vervul sowel as ondersteuning bied aan dosente en die kurrikulum. Aangesien die befondsing vir die programme grootliks deur die Department van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) verskaf word, bepaal hulle riglyne die operasionalisering van die Verlengde Graadprogramme.

1.2 Doel van die dokument

Die doel van hierdie dokument is om die konseptualisering, operasionalisering en bestuur van Verlengde Graadprogramme te rig op so 'n wyse dat die programme versoenbaar is met die Universiteit se missie, dat dit bydra tot die verwesenliking van die Universiteit se visie en dat dit die waardes van die Universiteit reflekteer. Ter sprake hier is veral die US se Visie 2012 en OSP-doelwitte.

1.3 Definiering van aspekte wat verband hou met die VGP

1.3.1 Onderwysbenadeelde studente

Aangesien die VGPs gemoeid is met onderwysbenadeelde studente is dit noodsaaklik dat die konsep 'onderwysbenadeelde studente' deeglik omskryf word. Die konsep bestaan uit verskeie dimensies, te wete:

- Sosio-ekonomiese omstandighede
- Onderwys omstandighede
- Persoonlike omstandighede

¹ In hierdie dokument word "Verlengde Graadprogram", "VGP" en, waar van pas, "program/me" as uitruilbaar gebruik.

² Die onderskeid tussen globale en plaaslike tendense word saamgevat in die dokument *'n Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna*.

Eersgenoemde verwys na die omstandighede waarin studente daagliks moes funksioneer terwyl hulle op skool was. Dit sluit in toegang tot basiese dienste (elektrisiteit, veilig en betroubare vervoer ens) in die omgewing waar die student woonagtig is. Die tweede dimensie verwys na die student se skoolomgewing. Dit sluit in toegang tot onderwysers met gepaste opleiding, beskikbaarheid van hulpmiddelle en infrastruktuur om leer te fasiliteer en die algemene toegang tot geleenthede wat leer bevorder. Die laaste dimensie verwys na omstandighede wat die student op 'n persoonlike vlak beïnvloed. Dit sluit in die finansiële posisie van die huishouding waaruit die student studeer, en persoonlike trauma of krisis (bv die afsterf van 'n familielid en die gepaardgaande implikasies vir die student se familielewe).

Hierdie beskrywing is egter steeds nie 'n volledige weergawe van wat onderwys benadeeld kan behels nie. Histories is hierdie term, binne die Suid-Afrikaanse konteks, ook met ras (spesifiek bruin en swart studente) geassosieer en is steeds dikwels 'n indikator, met sosiale stand wat ook toenemend figureer. Die Universiteit mag daarby baat vind om meer formeel aandag aan hierdie saak te gee aangesien dit implikasies het vir beide die keuring van studente vir VGPs sowel as die ondersteuningsmeganismes wat beskikbaar gemaak word vir hierdie studente.

1.3.2 Verlengde Graadprogram (VGP)

Vir die doeleindes van hierdie dokument word 'n **VGP** beskryf as:

- 'n Versameling van leeraktiwiteite wat bestaan uit beide fondasie en hoofstroominhoud
- 'n Koherente en ten volle geïntegreerde program³ wat lei tot 'n voorgraadse kwalifikasie
- 'n Program wat verleng word met ses maande tot 'n jaar deur die byvoeging van kredietdraende fondasie-modules
- 'n Program wat, ten spyte van die verlenging as gevolg van die toevoeging van fondasie-modules, steeds bestaan uit dieselfde hoeveelheid Hemis-eenhede as die ooreenstemmende hoofstroomprogram.

Die benaming “Verlengde Graadprogram” en die fakulteitspesifieke sinonieme “Alternatiewe Toegangsprogram” en “Basisjaarprogram” behoort gereserveer te word vir programme wat voldoen aan hierdie definisie. Dit impliseer nie dat alle programme wat aan hierdie definieerende eienskappe voldoen slegs bekend kan staan as “Verlengde Graadprogram”, “Alternatiewe Toegangsprogram” of “Basisjaarprogram” nie. Hierdie voorskrif sluit egter wel die moontlikheid uit dat enige program wat nie aan hierdie eienskappe voldoen nie, gebruik kan maak van enige van hierdie benaminge.

Die DHOO voorskrifte maak voorsiening vir ten minste twee verskillende modelle van Verlengde Graadprogramme. Die eerste model reserveer die eerste jaar van studie vir fondasie-modules waarna die student in sy/haar 2de, 3de en 4de jaar die hoofstroom-kurrikulum van jaar onderskeidelik jaar 1, 2 en 3 volg. Die tweede model integreer en versprei fondasie-modules in die hoofstroomaanbod. Die toevoeging van fondasie-modules beteken dat die hoofstroomaanbod ook versprei moet word om 'n realistiese werkslading te verseker.

³ Gedefinieer as “a purposeful and structured set of learning experiences that leads to a qualification” (CHE 2004).

1.3.3 *Fondasie-aanbod*

Fondasie-aanbod word as volg gedefinieer:

“The offering of modules, courses or other curricular elements that are intended to equip underprepared students with academic foundations that will enable them to successfully complete a higher education qualification that has been approved by the Minister of Education. Foundational provision focuses particularly on basic concepts, content and learning approaches that foster advanced learning. Even where the subject matter is introductory in nature, foundational provision must make academic demands on the students that are appropriate to higher education.

Foundational provision is intended primarily to facilitate the academic development of students whose prior learning has been adversely affected by educational or social inequalities. Foundational provision is thus aimed at facilitating equity of access and of outcomes” (DvO 2006).

1.3.4 *Fondasiemodules*

'n **Fondasiemodule** word as volg gedefinieer: 'n Module met fondasie-aanbod as inhoud

- 'n Kredietdraende module wat 'n integrale deel vorm van 'n VGP
- 'n Module waarvan ten minste 50% fondasie-aanbod is
- 'n Module wat 'n voorvereiste is vir die verwerwing van die VGP-kwalifikasies waarvan dit 'n integrale deel vorm
- 'n Module wat NQF-vlak 5 of 6 is

Die DHOO maak voorsiening vir drie soorte fondasiemodules. Die eerste bestaan ten volle uit fondasie-aanbod. Die tweede is 'n verlengde module wat bestaan uit 'n kombinasie van die ooreenstemmende hoofstroommodule se totale inhoud sowel as noemenswaardige fondasie-inhoud. Om die addisionele lading in te pas word die module oor 'n langer tydperk (6 maande tot 1 jaar) aangebied. Die laaste is die uitgebreide module wat oor dieselfde tydperk as die ooreenstemmende hoofstroommodule aangebied word en wat al die inhoud van hierdie module beslaan maar waarvan die kontaktyd per week vermeerder word om noemenswaardige fondasie-inhoud in te sluit.

1.4 **Die doel van 'n Verlengde Graadprogram**

Met die bogenoemde in gedagte word die doel van 'n Verlengde Graadprogram as volg gekonseptualiseer:

- Die daarstel van alternatiewe toegangseleenthede vir studente wie die potensiaal het om suksesvol te wees in Hoër Onderwysstudies maar wie as gevolg van ontoereikende skoolvoorbereiding nie andersins die geleentheid sou gehad het om aan die US te studeer nie.
- Om sukses te fasiliteer. Verhoogde deelname kan nie geskei word van uiteindelijke sukses nie.

2. **Vertrekpunte**

2.1 Die voorskrifte vir implementering, bestuur, gehalteversekering en aanspreeklikheid behoort van toepassing te wees op dieselfde wyse as vir alle ander programme. In hierdie verband is die Studenteterugvoerbeleid, die Assesseringsbeleid, die Leer- en Onderrigbeleid, die Beleid insake Leermateriaal,

die Pligte en verantwoordelikhede van Programkomiteevoorstitters en Programkoördineerders, die Toegangsbeleid, die Taalbeleid en die Taalplan van belang om die onderrigaktiwiteite wat verband hou met die Verlengde Graadprogramme te belyn met die Universiteit se missie en visie.

2.2 Die Verlengde Graadprogramme vorm 'n integrale deel van die US se inskrywingsbeplanning, veral met die oog op die mikpunte van die OSP.

2.3 Die konsep van 'n Verlengde Graadprogram is versoenbaar met die Universiteit se missie en visie.

3. Rolspelers

3.1 Rolspelers in die akademiese omgewing

3.1.1 Die fakulteit

3.1.2 Die dekaan

3.1.3 Die departement

3.1.4 Die programkomiteevoorsitter van die fakulteit

3.1.5 Die programkoördineer/programkomitee

3.1.6 Die VGP-student

3.1.7 Die dosent

3.2 Rolspelers op institusionele vlak

3.2.1 Die Vise-rector (Onderrig)

3.3 Rolspelers in die steunomgewing

3.3.1 Studente en Akademiese Steun

3.3.2 Die afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning

3.3.3 Studenterekords

4. Algemene voorskrifte en verantwoordelikhede

4.1 Voorskrifte en riglyne

4.1.1 Toegangsmodelle behoort oorweeg en ontwerp te word wat beide fakulteite se behoeftes en die institusionele behoeftes elders in hierdie dokument vermeld, aanspreek. Om uiting te gee aan die doelwitte van die Verlengde Graadprogramme word voorgestel dat hierdie programme in alle gevalle as keuringsprogramme bedryf word. Keuring sal vergemaklik word deur die daarstel van institusioneel gedefinieerde riglyne vir toelating tot hierdie programme wat beide akademiese en nie-akademiese veranderlikes reflekteer. In hierdie opsig is die Universiteit se Toegangsbeleid van belang en geen toegangsmoedele behoort strydig te wees met dit wat voorsien word in hierdie beleid.

4.1.2 Studente mag verplig word om in te skryf vir hierdie programme.

4.1.3 Die Verlengde Graadprogramme behoort geïntegreer te word met die aanbod van die fakulteit en behoort bestuur te word op dieselfde wyse as ander programme.

4.1.4 Fondasie modules behoort gepaste departementele tuistes te hê. Hierdie voorskrif is bedoel om te verseker dat 'n omgewing binne 'n fakulteit administratiewe en logistieke verantwoordelikheid neem vir die fondasie module. Ter selfde tyd sal hierdie praktyk ook toesien dat personeel

wat fondasie modules doseer 'n akademiese tuiste het waar hulle die nodige ondersteuning en toegang tot ontwikkelingsgeleentheid ontvang.

- 4.1.5 Beide die steunomgewings en die akademiese omgewings word aangemoedig om navorsing oor fondasie modules- en programme van stapel te stuur asook om beste praktyke en kennis van beste praktyke te deel.
- 4.1.6 Fakulteite behoort verslag te doen oor hierdie programme aan dieselfde strukture waaraan gerapporteer word oor ander programme. Hiernaas sou die Eerstejaarsakademie-komitee ook 'n forum bied waar beide die uitdagings en suksesse van die verskillende programme belig kon word.
- 4.1.7 Verlengde Graadprogramme behoort gestruktureer te word op so 'n wyse dat dit nie net in die eerstejaar sukses bevorder nie, maar ook in die latere jare. Werkslading behoort dus inkrementeel toe te neem om studente voor te berei vir die verhoogde werkslading van latere jare.

4.2 Die verantwoordelikhede van verskillende rolspelers

4.2.1 Verantwoordelikhede in die akademiese omgewing

- 4.2.1.1 Die ontwerp van ten volle geïntegreerde⁴ programme wat beide hoofstroom en fondasie modules bevat.
- 4.2.1.2 Die ontwerp van fondasie modules (gebaseer op relevante teorie en navorsing) wat student voorberei vir sukses in die hoofstroom. Akademiese steunpersoneel sal ondersteuning bied vir die ontwerp van sulke modules waar 'n behoefte aan sulke ondersteuning bestaan.
- 4.2.1.3 Die aanstelling van geskikte dosente (waar nodig) vir die aanbied van fondasie modules. Fakulteite word aangemoedig om so ver moontlik gevestigde hoofstroom dosente te gebruik om fondasie modules aan te bied aangesien dit bydra tot die integrasie van fondasie modules.
- 4.2.1.4 Die ondersteuning van dosente in betrokke departemente.
- 4.2.1.5 Die insluiting van VGP-dosente in departementele aktiwiteite insluitend evalueringsprosesse en kurrikulumhersiening.
- 4.2.1.6 Die onderwerping van fondasie modules en programme aan dieselfde gehalteversekeringsmeganismes as ander modules en programme.
- 4.2.1.7 Die verskaffing van verslae oor die programme volgens voorgeskrewe kriteria wanneer so versoek.

4.2.2 Verantwoordelikhede van die steunomgewings

- 4.2.2.1 Ondersteuning aan VGP-dosente in terme van leer en onderrig aangeleentheid.
- 4.2.2.2 Ondersteuning aan dosente, departemente en programkomitees wat betref die beplanning van modules en programme. Die steunomgewings behoort kennis van teorieë, navorsing en beste praktyke te bied.
- 4.2.2.3 Die evaluering van Verlengde Graadprogramme as 'n institusionele intervensie.
- 4.2.2.4 Voorgesette navorsing oor fondasie modules en programme sowel as alle aspekte wat verband hou met Verlengde Graadprogramme.
- 4.2.2.5 Die verspreiding van relevante inligting en die organisering van ontwikkelingsgeleentheid vir dosente soos versoek deur fakulteite.
- 4.2.2.6 Skakeling met die DHOO insake VGP-aangeleentheid.
- 4.2.2.7 Die werwing van addisionele fondse om te verseker dat die Verlengde Graadprogramme vlot verloop.

⁴ "Geïntegreerde" programme word beskryf as programme waarin die inhoud en werkswyse van fondasie modules suksesvol artikuleer met die inhoud en werkswyse van hoofstroommodules sowel as met die program as geheel.

4.2.2.8 Die voorbereiding van verslae soos versoek.

Gert Young
Sentrum vir Onderrig en Leer
15 April 2010